# HEILDRONK OP 'N FILOSOOF

## 'n Huldeblyk aan prof. J.A.L. Taljaard

Prof. B.J. van der Walt

Om oor jou medemens iets te sê of te skryf is 'n waagstuk. 'n Mens het - selfs van diegene wat baie na aan jou staan - maar 'n beperkte kennis. Dit is moeilik - en soms gevaarlik! - om jouself te deurgrond. Wat dan nog iemand anders? Jy kan so maklik dinge kwytraak wat nie tiperend van so iemand is nie.

In hierdie geval is dit nog 'n bietjie moeiliker, aangesien prof. J.A.L. Taljaard se lewensloop en prestasies alreeds in 'n vorige uitgawe van *Koers* (40, 4-6), wat met sy sestigste verjaarsdag in 1975 aan hom opgedra is, deur ds. J.A. Kruger op skrif gestel is. (Dit beteken natuurlik nie dat daar sedert 1975 niks noemenswaardig gebeur het nie, omdat Taljaard nie geestelik met pensioen afgetree het nie; inteendeel: in 1976 verskyn by Pro Rege-Pers sy *opus magnum* in Engels: *Polished lenses; a philosophy that proclaims the sovereignty of God over creation and also over every aspect of human activity* (306 paginas).

Dit is vanjaar al vyf-en-twintig jaar gelede dat ek as jong, verbouereerde student die eerste keer prof. Taljaard se klas betree het. In die sewentien jaar wat ek onder (die eers dok. en later prof. Jan) kon studeer, het hy ook my (ouere) vriend (oom Jan) geword. Tans is hy ook my senior kollega in dieselfde departement. Nie een van ons sou daardie eerste dag in die klaskamer van die ou Pukhoofgebou kon droom dat dit nog 'n verbondenheid van 'n kwart eeu sou word nie!

Oom Jan ken my ook al lank genoeg dat hy hom nie sal erger as ek die huldeblyk in die trant van 'n effens luimige heildronk laat geskied nie. Ek beroep my graag op die Spaanse denker Ortega y Gasset, wat gekla het dat hy

wel die nodige diepsinnigheid en skerpsinnigheid van 'n filosoof gehad het maar dat die derde noodsaaklike eienskap van 'n wysgeer, naamlik ligsinnigheid, by hom heeltemal ontbreek het!

Om 'n bietjie metode in die malligheid te verseker (hierdie bundel handel immers oor metodologie!) sal my heildronk die volgende hoofpunte behels: prof Jan, oom Jan en oupa Jan. (Gesien die akademiese karakter van hierdie tydskrif sal die klem op die eerste van die drie val.)

## 1. PROFESSOR JAN TAL

Ek het die man wat kort na sy geboorte (29/10/1915) as Jan Adriaan Louw Taljaard gedoop is, in 1958 as dok Jan leer ken. Kort daarna (1964) het hy prof. Jan Tal geword. Saam met prof. H.G. Stoker en mnr. (later doktor, later professor) P.G.W. du Plessis het hy die destydse filosowekorps van die PU uitgemaak onder wie se hande ons moes deurloop om die heel moeilikste aktiwiteit, nl. om vir onsself te leer dink, aan te leer. (Met die *ergo sum:* "daarom is ek", van Descartes se *cogito ergo sum* het ons nooit probleme gehad nie - watter normale mens twyfel nou aan sy eie bestaan - maar o!, om eers so ver te kom dat jy kon sê cogito: "ek dink".

Sedertdien het ek nogal heelwat oor die spesie wat ons filosowe noem, nagedink. Wat is 'n filosoof nou eintlik? Moontlik is dit nie 'n slegte gedagte om ons by hierdie geleentheid af te vra of prof Tal wel aan die vereistes vir 'n rasegte filosoof beantwoord nie. Of dit enige resultate wat die moeite werd is, sal oplewer kan ek ongelukkig nie vooraf belowe nie. Dalk kom ons met betrekking tot 'n filosoof tot dieselfde gevolgtrekking as wat Hegel met betrekking tot die filosofie moes raak: "Filosofie definieer al die ander dinge maar is self ondefinieerbaar".

Die eerste vraag (so het my geagte leermeester vir ons verduidelik) wat 'n denker gewoonlik stel, is: Waar kom die dinge rondom ons vandaan? Dit kan dus nie 'n fout wees om die oorsprongvraag ook aan die filosoof te stel nie: Hoe ontstaan 'n wysgeer?

Word 'n filosoof as filosoof *gebore* of word hy 'n filosoof *gemaak?* Dit is moontlik dat (ongelukkige?) omstandighede van jou 'n filosoof maak. Ek is egter daarvan oortuig dat prof Tal 'n gebore filosoof is - iemand wat nie net filosofeer om te kan lewe nie maar lewe om te filosofeer.

Die tweede vraag (na die ontstaansvraag) is die vraag oor hoe 'n wysgeer bestaan - as u wil: die ontologie van 'n filosoof. Ons analise sal streng sistematies volgens die Weedewee (dit is nie 'n filosofie sonder man nie maar "Wijsbegeerte der Wetsidee") geskied. Wat gebeur as 'n mens 'n filosoof volgens die wetskringe van hierdie filosofie benader?

* *Getalsmatig* bekyk, is 'n filosoof meestal 'n eenling, 'n hiperindividualis, besonder daarop gesteld dat daar nog nooit so 'n unieke geval soos *hý* die ondermaanse bewandel het of ooit sal bewandel nie.

Prof Tal het sy studente egter teen sowel individualisme as (die ander uiterste van) universalisme gewaarsku. Die individuele en die universele is albei ewe belangrike fasette van die skepping en van elke mens.

* *Ruimtelik* lyk 'n standaardfilosoof so: sy rasioneel gekonstrueerde eenmanswoning van geherkoude papiere en manuskripte dra hy soos 'n slakkehuis met hom saam, en by die geringste konfrontasie met enige praktiese probleme trek hy hom gerieflik in sy dop terug.

Taljaard was egter nie in die filosofiese slakkehuis van sy bewussyn opgesluit nie. As Boerseun het hy van wye

ruimtes gehou. (Daarvan getuig sy liefde vir die plaaslewe en sy herhaalde pogings om te boer.) Hy was egter nooit vasgevang in 'n eng teoreties-akademiese wêreld nie. Hy het steeds probeer om sy teoretiese insigte op talle terreine van die praktyk vrugbaar te maak. Sy aktiwiteite was egter weldeurdag, prinsipieel gefundeer.

* *Fisiek* gesien is 'n filosoof gewoonlik nie te lank van postuur nie, met 'n kaalkop en 'n baard, ernstige wenkbroue en diep plooie op die voorkop. Hier klop die tradisionele konsepsie van 'n filosoof met die een tans onder bespreking: die studente het altyd geglo prof Tal se voorkop versimboliseer al vyftien wetskringe van die Weedewee. En toe 'n motorongeluk hom 'n diep sny bokant die oogbank besorg het, het hulle geglo dat Taljaard se filosofie 'n sestiende wetskring bygekry het!

Die feit dat baie filosowe soms tog netjies gewas, geskeer en gekam is, kom gewoonlik nie op húlle krediet nie maar is aan 'n sorgsame moeder, vrou of huishoudster te danke. Basies is hulle maar onnette verteenwoordigers van *homo sapiens*. Hier is prof Tal 'n uitsondering op die reël: hy gaan so netjies geklee dat 'n mens hom altyd deur 'n ring kan trek.

* *Bioties:* Alle manne is (gelukkig!) nie filosowe nie; maar alle egte (let wel: ek sê nie *goeie*) filosowe is wel van die manlike geslag. (Die enkele uitsonderings bevestig slegs die reël!) In hierdie opsig voldoen ons prof dus wel aan die egtheidstoets.

* Net soos sielkundiges het die meeste filosowe *psigiese* probleme: óf te veel óf te min emosies. Daar word selfs beweer dat filosowe nie vir hulle sielkundige afwykings behandel mag word nie: die gevaar bestaan dan dat hulle kan ophou filosofeer!

Ook in hierdie opsig is Professor 'n gebalanseerde mens. Hy is nie ooremosioneel nie maar aan die ander kant ook nie emosieloos nie. Hy stel belang in, leef mee met sy medemens en sy studente. Hy is nie 'n saaklike, styfformele mens nie. Dit geld ook vir sy manier van klasgee: hy het dit nooit as sy taak beskou om netjies uitgewerkte lessies, wat sy studente weer net so in die eksamen moet eggo, te gee nie.

* *Analities* beskou laat 'n filosoof 'n mens dikwels aan 'n buidelrot, wat daarvan hou om die wêreld onderstebo te bekyk, dink. Filosowe ken nie net die antwoorde op al die vrae nie maar selfs die vrae op al die antwoorde. Tereg sê D. Morgan van die wysbegeerte: "It is the science to which ignorance goes to learn its knowledge, and knowledge to learn its ignorance". Of (so sê iemand anders van die filosowe): "They study the facts and draw their own confusions!" Om te verstaan wat 'n filosoof op skrif gestel het, het 'n mens besondere genade nodig. Om in allerlei spitsvondighede te verval verskaf aan baie van hierdie soort onder die menseras blykbaar die grootste genot!

So het ek self - laat ek maar eerlik wees - prof Jan aan die begin ervaar. Later het ek egter van beter geweet, en veral toe ek met andere uit die lang geskiedenis van die Westerse denke kennis gemaak het, het ek dit as 'n besondere voorreg geag dat ek onder iemand met 'n helder, skerp verstand kon studeer. Merkwaardig dat alle wysgere glo dat die filosofie die sleutel tot ware kennis is maar dat nie twee van hulle ooreenstem oor hoé hierdie sleutel die verroeste slot sal oopsluit nie ...

* Wanneer ons deur die gaatjie van die *historiese* modaliteit 'n wysgeer beloer, sien ons 'n nog interessanter fenomeen. Hulle is meestal almal op hulle eie verjaarsdae gebore (al kan hulle die dag gewoonlik nie onthou nie), maar verder leef hulle verstrooid in 'n tydlose wêreld, of hulle

is net voortdurend antikwaries besig om ou (filosofiese) koeie uit die slote van die geskiedenis op te grawe.

Vroeër was Taljaard ook nogal sterk daarin geïnteresseerd om - soos 'n bloedhond - die sondes van die heidense Grieke en Romeine tot in die honderdste geslag konsekwent probleemhistories na te speur. Al sy voorgangers in die ry van filosowe is voor die regbank van die Calvinistiese filosofie gedaag en skuldig verklaar - tensy hulle (posthuum?) hulle onskuld kon bewys!

Namate die jare gevorder het, het hy egter ook meer belangstelling in die toekoms gekry. Hy was tewens een van die eerstes wat hulle vir die Futurologie aan die PU vir CHO beywer het - nog lank voor die Instituut vir Toekomsstudies tot stand gekom het.

Daar sal ook nooit gesê kan word dat prof Tal onbetrokke by sy eie tyd was nie: hy het steeds met die vraagstukke van sy dag meegeleef en -gedink.

* *Linguaal* beoordeel is 'n filosoof dikwels iemand wat die besondere charisma het om sy gedagtes in - vir aardse sterflinge - heeltemal onbegryplike taal te verwoord en bowendien te aanvaar dat sy leerling/leser/gespreksgenoot presies verstaan wat hy bedoel. En as dit blyk 'n kolossale misverstand te wees, volg daar (tot oormaat van onduidelikheid) nog 'n paar tongknopers!

Ons Professor het teenoor hierdie Babelse spraakverwarring altyd gestel dat die goeie Skepper die taalvermoë aan ons geskenk het juis om die dinge in sy skepping goed en duidelik te benoem.

* *Sosiaal* beteken vir baie filosowe a-sosiaal. Diogenes die Griek was nie die enigste wysgeer wat hom soos 'n kluisenaar uit die wêreld onttrek het nie (in hierdie betrokke geval het hy 'n wynvaatjie as woning verkies!).

Soos reeds voorheen geblyk het, het Taljaard hom nooit aan hierdie afwyking skuldig gemaak nie. Hy was voluit by die sake van die dag betrokke: polities, sosiaal, kultureel, kerklik, opvoedkundig. Polities was hy selfs só betrokke dat hy byna drie jaar gedwing is om in die tronk en interneringskamp "af te koel"! Maar selfs gevangenskap kon sy aktiewe gees nie tem nie.

* As iemand ooit eendag op die gekke gedagte sou kom om filosofie *ekonomies* te beoordeel, hou ek my hart vas. Nie omdat filosofie waardeloos is nie maar omdat sy waarde nie in klinkende munt bereken kan word nie. Gelukkig is daar in ons materialistiese tyd (wat die waarde van alles alleen volgens die maatstaf van geld wil beoordeel) nog die nie-brood-en-bottervakke soos *philosophia*, liefde vir die wysheid.

Prof Taljaard het een ding vir sy studente duidelik gemaak: dat, al leer filosofie mens nie om 'n brood te bak nie, geen brood sonder filosofie gebak sou word nie, d.w.s. sonder dat die bakker oortuig is dat dit die moeite werd is om die menslike lewe in stand te hou nie. Filosofie is dus nie steriele studeerkamergeleerdheid nie. Filosofiese gedagtes beinvloed die wetenskap en die praktyk. Idees het voete, hulle marsjeer deur die geskiedenis en bepaal die lot van miljoene mense ... Dáárom lê ook Taljaard telkens klem op die praktiese nut van die wysbegeerte en was hy self ook 'n man van wetenskap én aksie.

* Die volgende wetskring is die *estetiese*. Filosowe wat (soos Plato) ook kunstenaars was, het nog nooit in groot getalle die ondermaanse bewandel nie. In hierdie opsig pas Taljaard mooi in by die standaardbeeld van 'n filosoof. Dit beteken egter nie dat hy nie in kuns en kultuur belanggestel het nie; inteendeel, hy het hom terdeë vergewis van die probleme rondom die Estetika.

* *Juridies* bekyk is daar by die meeste van hierdie rare groep 'n gesublimeerde maar onmiskenbare aggressiwiteit - veral natuurlik teenoor diegene wat nie met hulle denkbeelde wil saamstem nie.

Taljaard ken egter beskeidenheid. Hy aanvaar Augustinus en Calvyn se goue reël vir 'n Christelike wysbegeerte: in die eerste plek nederigheid, in die tweede plek nederigheid en in die derde plek - en altyd - nederigheid. Vandaar sy woorde wat hy telkens herhaal het: "So ver as wat ek tans kan sien ..."

Hy verwag ook nie dat sy studente hom soos 'n bandopname moet napraat nie. ('n Mens moet immers nie net filosofie leer nie maar self leer filosofeer!) Sy ewe bekende uitspraak: "Moet nooit by die woorde van 'n menslike leermeester sweer nie", is ook op homself van toepassing. En dit getuig van die statuur van 'n man wat nie verwag dat sy leerlinge blote fotokopieë van sy eie denke moet wees nie.

* *Eties* lewer filosowe - soos die meeste ander aardbewoners - 'n groot verskeidenheid op: sommige sondig *per defectum* (vergeet om te trou) en ander sondig weer *per excessum*.

Onse prof Jan het ook op hierdie gebied nie soos die bekende Griek met sy kop in die wolke geloop en toe in 'n slaggat getrap - tot groot plesier van 'n aantreklike dame - nie. Hy is gelukkig getroud met 'n dame van wie ons later nog iets meer sal sê. Een van sy eerste artikels handel oor "Die mens, die liefde en die sedelike". Vir hom is wedersydse trou die sinkern van die mens se etiese handele - 'n gedagte wat gerus in ons tyd breër uitgewerk kan word.

* Vanuit die *geloofsaspek* beskou, ly die meeste Westerse filosowe aan 'n ernstige graad van skisofrenie. Hulle geloof

- as hulle die nog kon behou! - en hulle filosofiese aktiwiteit is twee afsonderlike dinge wat òf niks vir mekaar te sê het nie òf vyandig teenoor mekaar staan. In hulle filosowetoga en hulle kerkpak is selfs baie Christendenkers twee totaal verskillende mense!

Ook in hierdie opsig was Taljaard anders as ander. Hy was nie òf gelowige òf denker nie. Selfs nie èn gelowige èn denker nie. Nee, heel eenvoudig: gelowige denker. Soos elke ander menslike aktiwiteit was ook sy filosofie diens aan God, Gods-diens. Die standpunt dat 'n mens wel 'n Christen kan vind wat filosofie bedryf maar nie 'n radikaal Christelike filosofie nie, het hy met 'n uitdruklike "Nee!" beantwoord. Aan die moeilike taak om so 'n *philosophia, reformata* uit te bou het hy sy lewe gewy.

Ons filosofiese ondersoek van 'n filosoof bring ons by 'n teleurstellende slotsom: Prof Jan beantwoord nie aan die gangbare opvatting van wat en hoe 'n filosoof is of behoort te wees nie. Op die keper beskou, word ons vraag aan die begin gestel (naamlik of prof Jan wel 'n egte filosoof is), egter juis bevestig: 'n filosoof is mos iemand wat anders as ander - ook ander filosowe - is!

Hy het 'n wysgeer geword ten spyte van die waarskuwende woorde van 'n bekommerde teoloog byna 25 jaar gelede: "Mag God jou bewaar!" En hy kan terugkyk op 37 jaar diens aan die PU en die gemeenskap daarbuite.

Ons tweede hoofpunt was:

## OOM JAN

In een of ander stadium begin prof Jan se studente hom só aanspreek. Dit kan ook nie anders nie, want toe hy 'n filosoof geword het, het hy nie sy menslikheid verloor

nie. (Dit kan gebeur. Dink maar aan die analoë geval van die eerlike grafskrif êrens in Skotland: "Here rests John MacDonald. He was born a man and he died a grocer".)

Oom Jan is 'n mens. En hy toon altyd opregte belangstelling in die wel en weë van sy medemens. Selfs sy studente is vir hom mense!

Met eindelose geduld het hy ure en dae - selfs jare - aan sy M- en D-studente bestee. Nagte lank het ons byvoorbeeld gelees en weer gelees om te probeer verstaan wat die heilige Thomas van Aquino tog bedoel het. (Ongelukkig kon oom Jan nie vir my 'n D.Mus. gee vir al die beesmis wat ek vir sy tuin aangery het nie - dit moes juis 'n D.Phil. word!)

In hierdie vriendskapsverhouding mag die rol van 'n derde persoon nie verswyg word nie: Dirkie Jacoba Taljaard (gebore Van Rooy). 35 Jaar al staan sy aan oom Jan se sy, die geheim agter haar man se loopbaan, die spreekwoordelike deugsame vrou.

Die liters der liters tee en koffie en die vragte beskuit uit háár kombuis het dit vir 'n onnosel student moontlik gemaak om dit fisiek tot in die middernagtelike ure te kon uithou. (Moontlik was dit dalk 'n bydraende oorsaak dat sommige leerlinge nie so gou kon afstudeer nie maar liewer "beroepstudente" geword het!)

Tant Dirkie het saam met haar eggenoot met die studente meegeleef. Toe ons oorsee vertrek, word ons na Jan Smuts-lughawe geneem. Haar sorg het selfs die spruite van die arme student aangegaan. Die pakkie met twee handgebreide truitjies, babajassie, mussie, kousies en handskoentjies wat ons op 'n ysigkoue wintersdag in Amsterdam oopgemaak het, sal nie vergeet word nie ...

Soos oom Jan is tant Dirkie ook 'n mens, 'n gewone mens, wat die titel van "tante" ten volle verdien.

Jammer dat die Puk so groot geword het (altans wat getalle betref) dat hierdie persoonlike omgang met 'n "oom" of "tante" nie meer so dikwels voorkom nie ...

## OUPA JAN

Filosowe word oor die algemeen oud. Ook vir Jan (vir sy leeftydgenote), prof Jan (vir die studente wat nog steeds aan sy voete kan sit), oom Jan (vir sy jonger kollegas en vriende) het die afgelope paar jaar 'n nuwe dimensie in sy lewe bygebring: Hy is tot oupa Jan gepromoveer.

Sy jongste spruit het onlangs die weg van alle vlees gegaan en hom in die huwelik begewe. Die ouer broer en suster het reeds gesorg dat daar ten minste vier kleinkinders op oupa Jan se skoot kan sit. Van hulle geniet al selfs die voorreg om saam met Oupa te hengel. So word die lewe nog ryker - en die oupa jonger!

En wie sal ontken dat hy met sy wit bokbaardjie en kaalkop nie 'n waardige oupa-figuur is nie?

* * *

Vergewe asseblief die luimigheid, Oom Jan. U weet dat ek dit (hierdie huldeblyk - nie die geskerts nie) opreg bedoel. Hiervan mag u verseker wees: u het vir baie meer studente as wat u ooit van sal weet, baie beteken. U was nie net vir hulle 'n dosent nie maar 'n geestelike vader.

Mag die HERE, wat u hele lewe lank so goed vir u was, u en tant Dirkie nog lank in gesondheid spaar vir u kinders, kleinkinders en vir ons.